Getuienis van prof. GJC Jordaan aan Kommissie Leerstellig 2 insake vroue in diakenamp of nie (Sinode 2009) [1]

Inleidend

Die feit dat daar oor die afgelope jare ‘n nuwe bewustheid en aandrang gekom het daarvoor dat vroue meer betrokke moet raak in die daaglikse funksionering van die kerklike gemeenskap, meen ek word deur almal verwelkom. Alle vroulike lidmate behoort immers, net soos manlike lidmate aktief profeties, priesterlik en koninklik in die gemeente en daarbuite op te tree.

Die vraag is natuurlik HOE dit moet gebeur. In die Studierapport word twee alternatiewe antwoorde voorgelê. Die een is dat vroulike lidmate in die diens van diaken gestel behoort te word. Die ander is dat sy nie in ‘n besondere diens gestel word nie, maar dat sy in die gewone amp van die gelowige aktief en konstruktief op diakonale diensterrein betrek moet word. Albei hierdie aanbevelings beoog om die betrokkenheid van vroue tot sy reg te laat kom. Nie een wil sien dat vroulike lidmate in passiwiteit verval nie.

Wat vra die HERE van ons?

Maar op die ou einde is die vraag nie wat ONS dink nie, maar wat die HERE wil hê. Dit is tog sý kerk waaroor Hý regeer. Dit berus dus by Hom om te sê hoe Hy die besondere dienste in sy kerk moet funksioneer en hoe dit ingerig moet word. Daarom, broeders, help dit veel as ons met mooi verhale kom van hoe bekwaam hierdie vrou of daardie suster is en hoe knap hulle as diakens (kan) funksioneer. Onthou: Daar is ook baie bekwame en knap manlike lidmate wat nooit in ‘n besondere kerklike diens optree nie, maar wat met groot vrug in die amp van die gelowige optree. Die antwoord lê in elk geval nie by die mens en ons eie insigte nie, maar by wat die Here in sy Woord oor hierdie saak sê.

En nou die dilemma waarvoor die Studierapport ons stel: Dit blyk dat ná deeglike Skrifstudie die deputate nie by ‘n eenstemmige antwoord uitgekom het nie. Sommige meen dat die Skrif ons leer dat vroulike lidmate nie in ‘n besondere diens (en dus ook nie as diakens) behoort gestel te word nie; ander meen weer dat dit Skrif dit wel toelaat.

Hoe nou gemaak?

Die Here weerspreek Homself nie

Wel, in die eerste plek sal u seker oor die volgende saamstem:

• Albei die antwoorde kan nie reg wees nie. Die Here sê tog nie tegelyk “ja” en “nee” nie.

2 Kor 1:18: “Ons woord aan julle was nie tegelyk ‘ja’ en nee’ nie, want Jesus Christus, die Seun van God, ... is nie ‘ja’ en ‘nee’ tegelyk nie.”

Jakobus 1:17: By God is “daar geen verandering of skaduwee van omkering nie.”

[1] Die hoofopskrif en teks is van prof. Jordaan. Die subopskrifte en voetnotas is bygevoeg.

1 Petrus 1:25: “Die woord van die Here bly tot in ewigheid.”

• Maar, a.g.v. die gebrekkige insig van die mens, kom mense dikwels tot verskillende uitlegginge van Bybeltekste.

Ons kry dit ook in die Bybelkommentare. Calvyn leer ons dat verskillende verklarings van dieselfde Bybelteks langs mekaar geduld kan word, solank dit nie weersprekende verklarings is nie, m.a.w. aanvullend tot mekaar is, en solank dit nie die wese van die betrokke Skrifdeel aantas nie. [2]

Hoe moet ons nou maak as, soos in die geval van die rapport, verklaarders by direk weersprekende uitlegginge van die Bybel uitkom, wat wesentlik is aan dit wat die Here oor die regering en funksionering van sy kerk sê?

• In die lig van die voorafgaande kan ons nie sê albei is reg nie of dat dit maar ‘n kwessie van eie voorkeur is nie. Om dus te redeneer dat sommige kerke maar vroulike ampsdraers kan hê en ander dit verbied — dus ‘n willekeurigheid — is geen uitweg nie. Buiten die praktiese probleme wat dit tot gevolg gaan hê (vgl. die getuienis van prof. Holwerda van die CRC hieroor by die seminaar in April 2008), [3] stuit ons steeds voor die prinsipiële vraag: Wat sê die Here in sy Woord? Ten minste een van die verklarings gee nie die bedoeling van die Skrif (ten volle) reg weer nie.

• Hoe moet ons nou weet watter verklaring van die Bybel om na te volg? Baie beslis nie n.a.v. die persoon wat die verklaring maak nie. ‘n Baie belangrike vertrekpunt vind ons in 2 Petrus 1:20: “Dit veral moet julle weet: geen profesie van die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie ...” In ons uitleg moet ons deur die Heilige Gees gelei word. Die uitleg wat dus die minste op eie menslike insig berus, en wat die duidelikste reg laat geskied aan wat die Gees daar Sê, is wat ons moet navolg.

• Die groot vraag is: Hoe weet ons wat die Gees wil sê? In sy boek *Schriftbeginselen ter Schriftverklaring* noem die groot Gereformeerde Skrifverklaarder, prof. S Greijdanus, enkele belangrike sake:

- Ten eerste moet ons vertrekpunt wees dit wat daar staan. Die Skrif self moet goeie rede gee waarom dit nie verstaan wil word soos dit daar geskrywe staan nie. Op bepaalde plekke dui die Skrif byvoorbeeld self aan dat dit wat daar geskryf staan simbolies en nie letterlik bedoel word nie. Dit berus egter nie by die mens (“eie insig”) om te besluit of dit simbolies of letterlik bedoel word nie.

[2] Die gereformeerde Skrifverklaring glo dat daar sake in die Skrif is wat ons verstand ‘te bowe’ gaan, maar nie dat dit teen-die-geheiligde-verstand opsigself ingaan d.m.v. van weersprekings nie (sien NGB art.9 se belydenis aangaande die Drie-eenheid: “Al gaan hierdie leer die menslike verstand ver te bowe, glo ons dit nou tog deur die Woord, terwyl ons verwag om die volle kennis en vrug daarvan in die hemel te geniet”, en, oor die Voorsienigheid van God, artikel 13: “Ons wil ook nie verder as wat ons kan verstaan, nuuskierig ondersoek instel na dié dinge wat Hy bo die vermoë van die menslike verstand doen nie.”)

[3] Lesings van dr. Holwerda (asook dr. George Knight en dr. Paul Archbald) is beskikbaar onder die skakel ‘vrou in die amp’ by: www.esra-instituut.co.nr

Daarom moet ons ‘n groot vraagteken plaas agter ‘n uitleg van 1 Tim 2:12, waar daar staan: “Ek laat die vrou nie toe om onderrig te gee of oor haar man te heers nie,” maar dit word uitgelê asof Paulus bedoel: “Ek laat die vrou wel toe om onderrig te gee en oor haar man te heers.”

- Tweedens, sê Greijdanus, hoor ons wat die Heilige Gees sê deur te kyk na wat elders in die Bybel oor dieselfde saak geskrywe staan. Die Gees praat tog met ons op geen ander manier nie as deur die Woord. Vandaar die verklaringsbeginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyking. Die lyn van die Skrifopenbaring oor ‘n saak moet na behore gevolg word.

Dit beteken dat die breë openbaringslyne wat daar in die Skrif oor die saak bestaan raakgesien en beskryf moet word, en dat elke individuele Bybelteks binne die Skriflyne ingepas en verstaan moet word. Dit gebeur maklik dat ons ons blind staar teen een besondere Bybelteks wat op sigself onduidelik is of selfs problematies lyk. Maar sodra dit binne die geheel van die Skrifopenbaring gesien word, begin daar lig opgaan. [4]

‘n Voorbeeld daarvan is Rom 16:1, waar Febe ‘n ‘diakonos’ genoem word. Beteken dit dat sy ‘n diaken was, of ‘n blote dienares? In die lig van die breë Skriflyne kan daar min twyfel wees dat in Rom 16:1 na haar as ‘n dienares verwys word.

- Dit lei ons tot ‘n derde belangrike vertrekpunt, naamlik dat minder duidelike (of problematiese) tekste in die lig van duidelike Skrifuitsprake verstaan moet word.

Wat die vrou in die diakendiens betref, moet elke teks verstaan word binne die openbaringshistoriese lyne vanaf Skepping tot Voleinding, en binne die groot raamwerk van die Koninkryk van God, waardeur Hy in Christus deur sy Gees oor sy kerk regeer, met gebruikmaking van menslike dienaars wat Hý daartoe aanstel.

Hierdie breë openbaringslyne is reeds in die 1988-rapport uitgelig en word weer in die 2009-rapport aangeraak. Laat ek dit in ‘n paar sinne saamvat:

Ons begin by die skepping: In Gen 2 lees ons dat God aan die begin die man as hoof gestel het en die vrou as hulp wat by hom pas.

Sondeval: Met die sondeval (Gen 3) word hierdie mooi verhouding versteur. In plaas daarvan om liefdevolle hoof van die vrou te wees, sal die man in sonde oor die vrou heers. En die vrou sal nie tevrede wees om die man se hulp te wees nie maar sy sal begeer om haar man se plek in te neem. Albei hierdie gevolge van die sonde moet bestry word.

Herstel: Wanneer die herstel in die NT deur Christus in sy kerk aangebring word, ontvang vroue ‘n regmatige, belangrike plek in die kerk, maar LET WEL, sonder om die plek van die man in te neem (laasgenoemde sou immers ‘n kontinuering van die sonde-gevolge wees). In Ef 5 hoor ons: Soos die hoofskap van die man en die hulpskap van die vrou in die huwelik gegee is, so moet ook in die kerk

[4] “ ’n Besonder belangrike faset hiervan is die feit dat die eksegeet/hermeneut baie deeglik rekening moet hou met die openbaringshistoriese situasie van enige betrokke Skrifwoord. Ons móét rekening hou met die feit dat dit God behaag het om Hom en sy wil in die loop van die geskiedenis algaande al duideliker te openbaar. ‘n Teks in, sê Eksodus, en ‘n teks in Romeine mag dus nie sommer so gelykskakelend langs mekaar gestel word nie. Die LATERE woord in die Godsopenbaring oor DIESELFDE SAAK is altyd deurslaggewend teenoor die voorafgaande!” (Coetzee, J.C. De Klerk, B.J., Floor, L. 1980. Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. In die Skriflig, Jg.12, nr.54: 12-26)

Christus se hoofskap deur manne se optrede en die kerk se diensbaarheid deur vroue se optrede uitgebeeld word.

In die lig hiervan maak ook die sg. swyggebod van 1 Kor 14 en 1 Tim 2 sin. Hierdie tekste raak natuurlik die diens van ouderling en Woordbedienaar direk. Maar gesien binne die breë openbaringslyne van die Skrif is daar geen rede om die diens van diaken hiervan uit te sluit nie. Ook in die diakonale dienswerk behoort Christus as hoof en die kerk as dienares na vore te kom in die optrede van manlike en vroulike lidmate.

Ter illustrasie hiervan deel ek aan u uit die voordrag wat dr George Knight van die OPC in Amerika (waarmee die GKSA in korrespondensie staan) in April 2008 by die GTV-konferensie gelewer het. [5] Ek lig net enkele sake uit wat hy in die voordrag noem:

> Hand 6:1-6 : Wanneer die Here in die eerste kerk in Jerusalem dienaars aanstel om na die daaglikse versorging van Griekssprekende weduwees om te sien, sou die praktiese oplossing gewees het om vroue daarvoor aan te wys, maar tog word pertinent manne daartoe aangewys.

> 1 Tim 3:11 : In sy uiteensetting van die vereistes van diakens skryf Paulus: “net so ook die vroue ...” In plaas daarvan om te bespiegel wat Paulus dalk bedoel het, moet ons luister na wat daar wel staan. Deur bloot te ontleed wat die teks sê, word dit duidelik dat dit nie oor vroulike diakens gaan nie maar oor vroue wat binne die diakonale diensterrein dienswerk as assistente verrig.

> As hierdie Skrifdele saam met Rom 16:1 (Febe) gelees word, sien ons dat die Here se bedoeling is dat dit die besondere diens van diaken vir mans bedoel is, en dat vroue, soos dit reeds in Gen 2 aangedui is, die taak het om die mans hierin met hulpdiens te assisteer. Aangesien die besondere dienste nie bo of belangriker as die amp van die gelowige is of so beskou mag word nie, is hier nie sprake van oorheersing of verontregting nie.

Maar hoe nou gemaak as ons die teenstrydige verklarings met mekaar vergelyk en nog nie sekerheid bekom nie? Dan pas dit sekerlik om die weg te volg wat die minste gevaar inhou om die wil van die Here geweld aan te doen. Soos Daniel wat geweier het om te eet van die kos wat koning Nebukadnesar wou hê hulle moet eet, vir in geval hy daarmee teen die wil van die Here sou ingaan.

Daarom, broeders, meen ek dat die Sinode goed sal doen as dit besluit word dat die dienswerk van vroulike lidmate optimaal in die kerk aangemoedig, gestimuleer en uitgebrei word, maar dat dit so gebeur dat hulle daarin steeds toonbeeld bly van die bruidskerk wat haar bruidegom as hulp bystaan en sy Hoofskap oor haar blymoedig erken. Dit beteken dat vroulike lidmate aktief op die terrein van diakonale dienswerk betrek moet word, sonder om amptelik in die diens van diaken bevestig te word.

[5] Die voordrag wat onder die kommissie se aandag gebring is, was ‘n artikel wat deur dr. Knight geskryf is vir die ‘Banner of Truth’ tydskrif (Nov.2008), onder die titel “Should women be elected to the office of deacons?” wat heelwat argumente bevat wat reeds genoem is tydens dr. Knight se voordrag aan die GTV, April 2008. Die artikel (beide in Engels en Afrikaans) asook die voordrag is beskikbaar by: www.esra-instituut.co.nr (gaan na ‘vrou in die amp’ skakel).

Daarmee, glo ek, sal die Sinode gehoorsaam wees aan wat die Here in sy Woord aan ons leer en sal hierdie aspek van die kerk ingerig wees volgens sy wil.